Om die Here te verheerlik met my liggaam

Teks: 1 Korinthiërs 6: 12 - 20 & Sondag 40
Teksvers: 1 Korinthiërs 6: 20

1. Inleiding

Geliefdes vanoggend in ons leerdiens fokus ons op ’n ongemaklike saak. Dit is ’n saak wat ver van ons af voel omdat dit genadiglik nie gereeld in die gemeenskap van gelowiges voorkom nie. Nie te min is ek en Nicolene gekronfronteer met twee gevalle hiervan laasweek. Laas naweek het twee mense wat ons geken het selfmoord gepleeg. En dit is natuurlik onvermeidelik om skielik vrae rondom hierdie saak te vra.

Maar wanneer ons vrae vra is daar net een plek waar ons antwoorde kry op hierdie vrae. Dit is natuurlik die Woord van God. Ons gaan vanoggend 1 Korinthiërs 6 gebruik as openbaring van die Here ook oor hierdie saak. Daarmee saam is Sondag 40 wat oor die 6de gebod gaan ons kategismus wat die saak vir ons onderstreep.

1 Korinthiërs 6 is ’n gewilde teksgedeelte wat ons al gereeld bestudeer het in verband met seksuele kuisheid. In verband met seksuele kuisheid en aborsie ken ons die uitroepe van die wêreld vandag. ’n Ongelowige wêreld wat skree my liggaam behoort aan my ek sal daarmee doen wat ek wil. En dit gaan dan ook verder tot by selfmoord. Die verkeerde siening dat ek maar my liggaam kan doodmaak wat dit is mos myne en nie iemand anders s’n.

Tog openbaar ons teksgedeelte vandag ’n heeltemal teenoorgestelde boodskap. Ons liggame is duur gekoop deur God. Dus behoort ook ons liggame nie aan onsself nie, maar aan God. Die opdrag in ons teksvers is dan duidelik: Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik. Maar kom ons begin eers by die begin.

2. God as gewer en eiser van die lewe

In Genesis 2:7 blaas God die lewensasem in die neus van die mens. Die mens word dan lewendig, maar met ’n ander lewe as waarmee God die diere en plante lewend gemaak het. Van die begin af is die mens dan vry om die lewe van plant en dier te neem. Natuurlik met die verantwoordelikheid en bewaring in gedagte. Maar die lewe van die mens mag nie geneem word nie.

In Genesis 4 lees ons van die eerste moord wat gepleeg word, Kain wat vir Abel doodslaan. En onmiddelik sien ons die sondebesef. Die Here wat oordeel en straf oor hierdie daad gee. Want God laat nie die bepaling van mense lewe oor aan die mens nie. Hy bepaal self die begin en einde van ons lewens. En juis daarom tref ons uiteindelik die sesde gebod: “Jy mag nie moord pleeg nie” aan in Eksodus 20:13.

Dit is ook die onderwerp wat in Sondag 40 vervat word. En wanneer ons dan sondag 40 bestudeer sien ons dat dit soveel verder gaan as blote direkte moord. Dit gaan oor onteer, haat, beledig en dan fisies doodmaak. Al hierdie eienskappe is nie eienskappe van God nie. Trouens dit is nie eienskappe van liefde nie, maar haat.

Tog bly dit alles gerig op ander persone, wat dan van myself. Net soos alle ander mense op aarde bepaal God die begin en einde ook van my eie lewe. En om dan eenvoudig my wil af te dwing, eer nie die Here. Om uiteindelik my eie lewe te neem is geen offer aan die Here nie, maar eerder ’n verwaande poging om in te gryp in die wil van die Here. En daarom is daar uiteindelik geen onderskeid tussen sonde van selfmoord en ander moord. Maar die genade is steeds groter.

3. My liggaam is nie my eie nie.

Die genade lê in ons teksvers en die voorafgaande vers. Ons liggame is duur gekoop. Ons was in ons sonde uitgelewer aan die dood. Trouens in die sonde was ons reeds dood, die liggaam moes nog net sterf en die ewige dood ingaan. Maar ons is in die sterwe en opstanding van Christus losgekoop uit hierdie dood. En hierdie nuwe status waarin ons leef, het ook verreikende teologiese

gevolge van ons liggame. En dit is juis waar 1 Korinthiërs 6 duidelike openbarings maak.

Die mense in Korinthe waaraan Paulus skryf is vasgevang tussen die Joodse en Griekse filosofieë. Volgens joodse filosofie is die liggaam rein en heilig. Afgodsvleis en seksuele onreinheid moet soveer moontlik vermy word. Maar volgens die griekse filosofie, is die liggaam bloot 'n voertuig om die siel deur hierdie lewe te neem. En daarom het wat daarmee gedoen word, geen invloed op die geloof en siel nie. Paulus laat uiteindelik die eet van afgodsvleis toe met sekere bepalings. Maar seksuele onreinheid word steeds duidelik veroordeel.

Seksuele losbandigheid word veroordeel omdat dit so negatief vir die liggaam is. Dit is fisies soos ons nou weer sien in terme van M-pokke. Maar ook geestelik en emosioneel. Maar bo dit alles is dit ontreiniging van die Heiligheid van die Here. Selfs tot op die punt van Godslastering. Die skerp word van ontreiniging van die tempel in vers 19.

Wanneer ons dan hierdie saak deurtrek tot selfmoord, kan ons sê dat selfmoord uiteindelik die afbreek en vernietiging van die tempel van die Here is. Ons weet ook dat self moord dikwels met baie fisiese pyn en skade aan die liggaam gepaard gaan. Ons kan nie die tempel van die Here op hierdie manier te na kom en uiteindelik probeer vernietig nie.

4. Liefde vir my broer

Die laaste saak waarna ons kyk het ons al op 'n manier aangeraak. Die oortreding van die 6de gebod behels haat en uiteindelik die verwoesting van my broer of suster. En dit is miskien hier waar mense voel dat selfmoord darem nie heeltemal dieselfde as moord is nie. Ek maak mos nie iemand seer nie, net uiteindelik myself.

Maar wanneer 'n mens die mense wat agtergelaat word moet begin troos, besef jy vinnig hoe ver van die waarheid hierdie stelling is. Die selfmoord wat deur iemand gepleeg word, laat reuse trauma en letsels op die persone naby aan daardie persoon. Uiteindelik is daar geen logiese manier waarop iemand eerlik kan sê dat hy/sy in liefde aan die mense rondom gedink het, terwyl hy/sy selfmoord gepleeg het.

Daarom is selfmoord uiteindelik nie net 'n rebelering teen die Here nie, maar ook liefdeloosheid teenoor my naaste, veral die mens wat baie naby is. En dit is die ander manier waarop selfmoord juis verbied word deur die sesde gebod. Die antwoord op vraag 107 sê duidelik: "Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself. Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees, alles wat hom kan benadeel sover moontlik probeer voorkom en selfs aan ons vyande goed doen."

'n Ander definisie vir selfmoord is om doelgerig jou eie lewe te neem uit verkeerd gefokusde selfliefde. Die Here leer ons in Sy woord om: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. [40]Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete. Wanneer ons hierdie opdrag van die Here getrou uitleef sal daar geen plek vir selfmoord wees nie. Ons sal dan in alles streef om die Here te verheerlik ook met my liggaam en lewe.

5. Slot

Ons gaan vandag se preek op 'n ander praktiese noot afsluit. Dit mag dalk regdeur die preek geklink het of ons baie kwaai is. Of ons koud en hard die Here se gebooie wil afdwing en af forseer. Maar wanneer ons eerlik is, is ons almal maar daagliks nog vol sonde. Al wat ons eintlik kan doen is om as mede sondaars mekaar aan die hand te vat en te lei na die verlossing in die Here Jesus Christus.

Selfmoord is dikwels die einde van 'n lang worsteling met depressie. En dit is hier waar ons mekaar moet ondersteun en liefhê. Ons kan eenvoudig in liefde nie toelaat dat die ons broers en susters in die geloof die bose leuens van depressie meer en meer glo nie. Ons moet die liefde wat die Here aan ons bewys het, ook aan mekaar bewys. Uiteindelik beteken ons kan geen gesprek in die rigting van selfmoord afmaak as niks nie. Ons moet dit altyd met die nodige erns hanteer, en help of hulp gaan soek waar nodig.

Die dief kom net steel en slag en uitroei; Maar ons Here Jesus Christus het gekom sodat ons die lewe kan hê, en dit in oorvloed. Ons is verlos en vrygekoop om ook die Here met ons liggame te eer. Kom ons gaan leef so. Maar selfs nog belangriker, kom ons gaan doen alles in ons vermoë dat ons broers en susters ook so kan leef. Amen